

# Voorbeeldvraestel 2

Afrikaans Huistaal Graad 12

Tyd: 2 uur

**Totaal:** 70 punte

## Instruksies en inligting

- Hierdie vraestel bestaan uit **drie** afdelings.
  - Afdeling A: Leesbegrip (Vraag 1)
  - Afdeling B: Opsomming (Vraag 2)
  - Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies (Vraag 3)
- Beantwoord **al** die vrae.
- Begin elke afdeling op 'n **nuwe** bladsy.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is, in die **middel** van die bladsy.
- Laat 'n reël tussen die antwoorde oop.
- Gee besondere aandag aan **spelling** en **sinsbou**.
- Skryf netjies en leesbaar in **blou** ink.

## Afdeling A: Leesbegrip

### Vraag 1: Tydskrifartikel, koerantrubriek en advertensie

Lees die volgende tekste noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

#### As jou motor se uitlaatpyp lekker begin lyk

Deur Johné van Huyssteen

*As jy niks van 'n flied se storielyn kan onthou nie behalwe die dele waarin iemand gerook het, moet jy weet jy is verslaaf ...*

- Daar is een ding wat erger as tameletjie tussen jou tande kan vassit en dis 'n sigaret. Vandat die kort verslawende stukkie papier met twak tussenin uitgevind is, het mense daarvoor gestruikel. Jy dink dis sommer twak dat iemand kan sukkel om op te hou rook, maar dis blatante hel.
- Ek was 'n rookhater. Lank voor al die rookwette daar was, was ek die een wat sou opstaan as rokers langs my in 'n restaurant kom sit het. Dit was net 'n gemompel van ontevredenheid en sinne soos “asbakasems wat nie hulle kos kan proe nie”, “swartlong verslaafdes wat eerder teer moet gaan eet” en “oggendhoesers wat klink soos ou trekkers”.



3. Om ander te veroordeel, is 'n lessie wat jou iewers langs die pad inhaal en jou omdop. Vyf jaar se ongeskiktheid met rokers het die nikotienduiwel in my wakker gemaak en toe slaan hy sy glibberige rookkloutjies met mening om my longe. Ou rookhater word toe vurige roker.
4. Die rookkultuur is orals in die wêreld dieselfde. Jou eerste sigaret soggens geniet jy saam met jou koffie, dan in die motor op pad werk toe. Ná elke ete sal jy 'n sigaret selfs met mes en vurk geniet. Elke keer as jy goeie nuus kry, word dit met 'n rokie gevier. Elke keer as jy slegte nuus kry, word dit met 'n rokie verwerk. En as jy geen nuus kry nie, rook jy ook omdat sulke momente erg vervelig is.
5. Dit gaan alles goed tot jy probeer ophou. Dan begin die hel. Jy probeer eers plakkers. Die plakkers sit nikotien direk in jou bloedstroom, so voor jy kan sê vuurhoutjie het jy meer plakkers op jou lyf as 'n kommen Amerikaner in Texas. Jy kom gou agter plakkers onder jou arms werk die vinnigste en dis selfs nog beter as jy die plakkers eet. Dan probeer jy die kougom. Wel jy begin met een, maar binne 'n week kan jy met niemand meer praat nie. Jou kakebeen is verlam en jy sit met 20 gommies in jou mond. As jy die woord Stimerol hoor, dink jy aan koerantpapier wat jy met Boxer-twak rol.
6. Hipnose is die laaste uitweg. Maar jy besef dis 'n flop tot jy die hipnotiseur aanrand, sy duur Persiese mat oprol en al matrokend in die hoekie wakker word terwyl jy Anton Rupert se naam in 'n mantra fluister.
7. Die maklikste is om net op te hou. Sonder hulpmiddels. Staan een oggend op en sluit jouself vir drie dae toe. As jy daar uitkom, gaan jy vir drie jaar nêrens heen nie. Jy kyk nie televisie of DVD's nie, jy maak kos met 'n sonstoof sodat jy nooit rook sien nie. Ná drie jaar kom jy uit jou huis en jou lewe sal anders wees, maar ten minste sal almal kan ruik jy gebruik Musk vir deodorant.

Verwerk uit *DEKAT*, Mei / Junie, 2009, bl. 144.

## VRAE

Bestudeer die **illustrasie** noukeurig. Beantwoord dan die volgende vrae:

1. Watter standbeeld word hier uitgebeeld? (1)
2. Waardeur word die kroon hier voorgestel? (1)
3. Waarom is hierdie uitbeelding gepas? (1)
4. Watter ander aspek van die rookgewoonte word ook hier treffend uitgebeeld? (1)

Beantwoord die volgende vrae oor die **teks**:

5. Watter enkele woord in die eerste sin dui alreeds daarop dat 'n mens moeilik van die rookgewoonte ontslae raak? (1)
6. Watter woordspeling, wat verband hou met die inhoud van die teks, kom in paragraaf 1 voor? Verduidelik. (2)
7. Waarna verwys die woord *veroordeel* in paragraaf 3? Verduidelik volledig. (1)
8. Wat beteken dit *om jou kloue in te slaan* (paragraaf 3)? Hoe word dié spreekwoord verander om by die teks aan te pas? (2)
9. Verduidelik in jou eie woorde wat paragraaf 4 eintlik te kenne gee. (1)
10. Gebruik 'n voorbeeld uit paragraaf 5 om 'n hiperbool te beskryf. (1)
11. Haal 'n woord uit die teks wat dieselfde beteken as *mistieke formule* as *toorformule*. (1)
12. Wat is 'n *sonstoof* waarvan daar in paragraaf 7 sprake is? (1)
13. Wat is die aard van die styl van hierdie teks? (1)

## Wat dra jy? Oupa se klere of vir Flaffie?

Deur Charles Smith

1. Snaakse spesie, hierdie een wat die aarde oorheers.
2. Dit lyk of ons vinnig ons varkies verloor.
3. Ons begin vreemd optree. Baie vreemd, as jy kyk hoe kultuur vervorm en nuwe modes en giere ontwikkel.
4. Moenie skrik nie as jy in Jozi wandel en hier kom 'n doedie verby in 'n tronkpak, wenkbroue soos 'n Ierse terriër en trap 'n gang soos 'n skouperd.
5. Dit kan dalk jou dogter wees.
6. 'n Modereeks van tronklere uit Duitsland – ontwerp deur gevangenes – steel orals harte.
7. Die streeppakkies is nog orraait, maar as jy die kind met hierdie klere en 'n nuwe Japanse tienergier in die gang kry voor sy uitgaan, gaan jy 'n toeval kry.
8. Dié nuwe Japanse tienergier is vals oogwimpers so lank en wollerig soos 'n Ierse terriër s'n wat die meisies oplak.
9. Eisj – dis grillerig! (Moenie skrik nie, pa, dis Hessie!)
10. Maar as sy nog soos 'n dronk spook stap, loer na die kind se skoene. Die tyd om ma se ou trouskoene vir die dans te leen, is verby.
11. Die malse nuwe mode is haklose hoëhakskoene vir dames. Jip, dink daaraan.
12. Jy trap net op die voorste deel van die skoen soos 'n perd op sy hoewe. Victoria Beckham het glo al van dié Posstrappers wat jou meer as R20 000 per paar gaan kos.
13. Voordat die mans te hard lag, moet hulle gaan kyk hoe hulle daar gaan uitsien oor 'n jaar of drie: Oupa se langonderbroek-soort klere kom terug.
14. Dit is in die vorm van 'n eenstuk onderbroek-onderhemp wat soos 'n Russiese stoeipakkie uit die 1970's lyk.
15. Dis nou eers grillerig.
16. O ja, 'n brokkie baie slegte nuus: Die 1980's se *perm* is ook op pad terug. En jy het gedink dit is dood saam met ABBA en diskomusiek.
17. Die eierklitser gaan weer badkamerkassie toe. Jy klits daai haredos soggens en sing: "Honey, I'm still free. Take a chance on mee ..."
18. 'n Ding wat nie so heeltemal vars is nie, maar weer opduik, is troeteldiereienaars wat hul hond of kat se hare afskeer en daarvan 'n trui brei.
19. Dié ding dra die Yanks en Engelse as die dier dood is om vir ewig naby te voel aan Kietsie of Flaffie. Jy moet net onthou om die vlooihalsband ook om die nek te sit as jy uitgaan.
20. Daar is een storie wat my darem die week goed laat voel.
21. Dit is die dokumentêre rolprent oor die Young at Heart Chorus, 'n rockgroep waarvan die gemiddelde ouderdom van die lede 82 is. En boera, hul wikkel die boude dat dit klap!
22. Die 25 lede is saam 2 000 jaar oud, maar het skaars op hul voete (al sukkel hulle self om regop te kom).
23. As hierdie rockers hul treffer sing, huil almal snot en trane: die liedjie is "Forever Young".

Charles Smith is *Beeld* se verteenwoordiger in Washington DC.

Uit *Beeld*, 11 April 2008, bl. 12.215

14. Die titel bestaan uit vrae. Wat noem ons hierdie soort vrae waarop daar nie 'n antwoord verwag word nie? (1)
15. Waarna verwys *Jozi* in paragraaf 4? (1)
16. Wat is die verband tussen paragraaf 7 en 8? (1)
17. Bestudeer paragraaf 9 met aandag.
  - 17.1 Watter gevoel gee die tussenwerpsel weer? (1)
  - 17.2 Verklaar die woorde wat tussen hakies staan. (1)
18. Waarom word Victoria Beckham se vreemde skoene as *Poshtrappers* (paragraaf 12) beskryf? (1)
19. Gee 'n goeie Afrikaanse woord vir die Engelse term *perm* (paragraaf 16). (1)
20. “*Jy moet net onthou om die vlooi halsband ook om die nek te sit as jy uitgaan*” (paragraaf 19). In watter trant is hierdie woorde? Kies een van die volgende: ironie, suggestie, sarkasme. (1)
21. Van watter woord is die emotiewe woord *boera* (paragraaf 21) afgelei? (1)
22. Waarom is die liedjie wat die rockgroep sing (paragraaf 23) skrypend ironies? (1)

[10]

EN



23. Watter verband is daar tussen die woorde *Vet is dodelik* en die illustrasie? (2)
24. Het die man 'n stewige greep op die vroultjie? Waaruit maak jy die afleiding? (2)
25. Beskryf die man se gesiguitdrukking in een enkele woord. (1)

[5]

## Afdeling B: Opsomming

### Vraag 2

Bestudeer die volgende teks en voer die instruksies uit:

#### Humor help ons oorleef

1. Humor is 'n kragtige wapen teen die aanslae van die lewe, dit verbeter jou selfbeeld en dit kan selfs die wind uit jou vyand se seile neem.
2. 'n Goed ontwikkelde humorsin kan jou algehele gesondheid bevorder en laat jou meer in beheer van selfs hopelose situasies voel. Humor bemagtig jou.
3. Om te lag bly die beste medisyne. Dis gratis en daar is geen nuwe-effekte nie. Dis boonop moeilik om vir iemand kwaad te wees wat jou kan laat lag. Studies toon aan dat humor ons immuunstelsel kan versterk en selfs pyn kan beveg weens die endorfiene wat deur 'n lagbui vrygestel word.
4. Om 'n koppie tee of 'n bottel wyn met vriende te deel wat ondanks die misdaad, chaos en korrupsie in ons land die humor en ironie in alledaagse situasies raaksien, het byna dieselfde waarde as 'n kitsvakansie en 'n gratis gesigsontrimpeling. Dit herlaai jou batterye, bring verligting vir jou probleme en plaas dit in perspektief.
5. Die Britte word vir hulle droë, gesofistikeerde humor geloof, die Amerikaners se humor word as vlak en lawaaierig afgemaak en die Duitsers word dikwels daarvan beskuldig dat hulle humorloos is. Daar is al lustig gespot dat die twee dunste boeke in die geskiedenis die volgende titels het: *Italiaanse oorlogshelde* (almal weet hulle sal eerder vry as baklei) en *Duitse humor oor die afgelope 400 j.*
6. Ons Suid-Afrikaners is egter bekend vir ons eiesoortige humorsin – luidrugtig, uitbundig en soms onbeskaamd nie polities korrek nie. Dis iets waarna ons gewese landgenote wat hul oorsee bevind, die meeste verlang. Dis eintlik al waarvan ons nog nie in 'n misdaadgeteisterde land beroof is nie.
7. Hier volg 'n tipiese grap wat net ons ou volkie snaaks sal vind:

Dries werk in die groente-afdeling van 'n groot supermark. Hy sien dikwels wanneer klante 'n spanspek kies, hou hulle die vrug teen hul oor en klop daarteen. Hy wil weet waarom hulle dit doen en eendag vra hy een van die kopers wat die rede is. "Goeie vraag, jong man," antwoord die bejaarde vrou. "Ek doen dit al 40 jaar lank, maar al wat ek weet, is as jy net 'n spanspek optel en in jou trollie sit, kyk almal jou aan asof jy mal is."

Uit *Vrouekeur*, 8 Augustus 2008, bl. 56.

#### Instruksies

1. Lees die teks 'n paar keer aandagtig deur.
2. Maak 'n opsomming van bostaande teks.
3. Die opsomming moet in één paragraaf aangebied word.
4. Die opsomming moet in 80 tot 90 woorde afgehandel word.
5. Skryf die aantal woorde wat jy gebruik, neer.
6. Skryf in volsinne. Telegramstyl is ontoelaatbaar.

## Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies

### Vraag 3

Gebruik die volgende tekste en strokie en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

#### Liefde blom tussen Piggels en Skapie

Deur Clarissa Venter.

1. KOOKHUIS. – Dié verskynsel is raar, maar tóg waar.
2. In die animasieprent *The Lion King* vertolk Timon, die uitgesproke meerkat, en Pumba, die ietwat oningeligte vlakvark, twee rolle wat handel oor vriende wat tot die dood toe maatjies sal bly, maak nie saak of dié twee nie van dieselfde spesie is nie.
3. Nou ja, 'n soortgelyke verskynsel speel hom af op die plaas Gallantskloof naby Kookhuis.
4. Dié keer is dit 'n vlakvark en 'n skaap. Beste maatjies? Dit klink onwaarskynlik, maar ... “Piggels en Skapie is albei een jaar oud en hulle kan nie sonder mekaar klaarkom nie,” vertel mev Ezelle Marais, baas van dié plaas.
5. Dié twee het saam-saam grootgeword. Marais sê haar twee bloedjies het vir Piggels in die veld gevang en gedink hy sal 'n oulike troeteldier wees.
6. “Hulle het hom huis toe gebring en vandag is hy steeds hier en vreeslik mak. Skapie was in daardie stadium wees en ons het hom self grootgemaak.”
7. Dié maatjies speel oor die hele werf heen en vang gereeld kattedwaad aan.
8. Marais sê hulle vreet ook net wat hulle wil.
9. “Piggels sal enigiets eet wat voorkom. Hy eet die honde se pille, eet die meel in die stoor en saam met Skapie steel hulle die kalwers se melk.
10. “Skapie eet van die lusern in die lusernland naby die huis, maar ook van die gras in die tuin en somtyds sal hy kom bedel vir melk,” vertel Marais.
11. Saans maak hulle spore na hul eie hok vir 'n snoesige nagrus ná 'n hele dag se manewales.
12. Marais sê as 'n mens die twee skei raak die een somer lekker beneuk sonder die ander een.
13. Naasteliefde op sy beste.

Uit *Die Burger*, 26 Maart 2008, bl. 26.

#### VRAE

1. Wat is 'n *animasieprent* (paragraaf 2)? (1)
2. Gee die vroulike geslag van *vlakvark* (paragraaf 4). (1)
3. Wat is die rede vir die gebruik van die koppelteken in die woord *saam-saam* (paragraaf 5)? (1)
4. Gee 'n nugter woord vir die emotiewe woord *bloedjies* (paragraaf 5). (1)
5. “*Hulle het hom huis toe gebring en vandag is hy steeds hier en vreeslik mak*” (paragraaf 6). Skryf hierdie woorde oor in die indirekte rede. Begin jou sin só: Marais sê ... (1)
6. Die woord *kattedwaad* kom in paragraaf 7 voor. Gee 'n ander woord vir die woord tussen hakies in die volgende sin. Hulle ( ... –streke) het hulle in die pekel laat beland. (1)

7. Die woord *voorkom* (paragraaf 9) het betrekking. Die woorddeel wat die hoofklem dra, bepaal die woordbetekenis van dié woord. Maak telkens 'n sin met dié woord as die vetgedrukte gedeelte die hoofklem dra.
- 7.1 voorkom (1)
- 7.2 voorkom (1)
8. Die sin in paragraaf 12 kort 'n leesteken. Skryf net die woord vóór en ná die leesteken neer en dui aan. (1)

[9]

EN

### G'n vaal bestaan meer vir Vaaltyn

#### Blackpool (Brittanje).

1. Donkies wat toeriste op die strand van Blackpool karwei, gaan voortaan minder van 'n donkielewe hê.
2. Munisipale inspekteurs sal voortaan verseker dat die 200 donkies elke dag 'n verpligte etensuur het om rustig aan hul hooi te kou.
3. Hulle sal ook voortaan elke Vrydag af hê.
4. Die nuwe donkieregte vorm deel van 'n handves van diensregte wat onlangs ingestel is.
5. Volgens die nuwe reëls sal die donkies, wat toeriste in die somer in dié vakansiedorp in Noordwes-Engeland vervoer, net van 10:00 tot 19:00 werk – met 'n verpligte etensuur.
6. Ook sal beampies en veeartse hulle jaarliks ondersoek om te verseker dat die donkies se hoewe, ore, tande en pels in 'n goeie toestand is.
7. “Die donkies vorm 'n belangrike deel van ons toerismebedryf. Ons wil hê dat ons donkies gesond en gelukkig is,” het 'n munisipale woordvoerder gesê. – Sapa-AFP

Uit *Beeld*, 13 Mei 2005, bl. 12.

#### VRAE

9. Wat is die rede vir die gebruik van die afkappingsteken in die titel? (1)
10. Watter woord in paragraaf 1 is verander om by die inhoud van die teks te pas? (1)
11. Skryf die vroulike vorm van *inspekteurs* (paragraaf 2) neer. (1)
12. Haal 'n byvoeglike bysin uit paragraaf 4 aan. (1)
13. Gee die teenoorgestelde van die woord *verpligte* (paragraaf 5). (1)
14. Brei die volgende sin uit paragraaf 7 uit deur 'n byvoeglike bepaling by die onderwerp te voeg.  
“Die donkies vorm 'n belangrike deel van ons toerismebedryf.” (1)

[6]

EN

## Wat is humor?

1. 'n Sin vir humor word wetenskaplik gedefinieer as die vermoë om humor te begryp, te interpreteer en te geniet.
2. Die proses van humor kan op baie maniere geskied. Iemand kan oor iets wonder, die oplossing sien en daaroor lag; iets antisipeer, teleurgestel word en dan lag; of iets lees en weer lees om dit te verstaan, besef dat sy moeite vrugteloos is en daaroor lag.
3. Elkeen het 'n sin vir humor. Jou persoonlikheid en gemoedstoestand speel gewoonlik 'n rol in hoeveel jy vir iets wat humoristies is, lag. Of jy die grap begryp, bepaal ook hoe jy gaan reageer en die manier waarop jy lag, dui op watter sin vir humor jy het.
4. Humor is iets waarmee ons elke dag te doen kry. Gewoonlik is ons eerder aan die ontvangkant van 'n grapjas se mannewales as om self 'n snaakse ding aan te vang. Tog word grappe oor en oor vertel en die onderwerpe daarvan is legio.
5. Humor is nie vrolikheid nie, sê navorsers. Dis peinsend en diep, terwyl vrolikheid onbesonne en oppervlakkig is. Tog is humor 'n mengsel van vrolikheid – as temperament of bui – en ernstigheid – as verstandelike kwaliteit.
6. Humor is 'n natuurlike manier om 'n positiewe bui te skep.

Uit *Vrouekeur*, 9 Julie 2004, bl. 52.


## VRAE

15. Vorm twee verskillende selfstandige naamwoorde van die woord *gedefinieer* (paragraaf 1) in die volgende sinne:
  - 15.1 Die leerders moet die (gedefinieer) van elke woordsoort ken. (1)
  - 15.2 Die (gedefinieer) en identifisering van woordsoorte is 'n groot kopseer vir leerders. (1)
16. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as *indink*, *voorstel hoe iets vooruit gaan wees*. (1)
17. Wat beteken die agtervoegsel *-loos* in die woord *vrugteloos* (paragraaf 2)? (1)
18. Die woord *het* is gewoonlik 'n hulpwerkwoord van tyd soos byvoorbeeld in die sin: Ek **het** jou **gesien**. Tot watter woordsoort behoort *het* in die sin: *Elkeen **het** 'n sin vir humor* (paragraaf 3)? (1)
19. Gee die korrekte vorm van die onderstaande woorde uit die teks in die volgende sinne:
  - 19.1 Die (reageer) (paragraaf 3) van die gewapende magte was blitssnel. (1)
  - 19.2 Die (temperament) (paragraaf 5) kind het in 'n woedebui uitgebars. (1)
20. Daar is een spelfout in paragraaf 4. Skryf die woord korrek oor. (1)
21. Verander die volgende sin in 'n algemene vraagsin: *Humor is iets waarmee ons elke dag te doen kry* (paragraaf 4). (1)
22. Gee 'n sinoniem vir die woord *legio* (paragraaf 4). (1)
23. Skryf die basis van die woord *onbesonne* (paragraaf 5) neer. (1)

[11]

## EN





***Ek kry vir Jannie en Sannie so jammer!  
Ek wonder wanneer gaan hulle weer op die voete kom?***

**VRAE**

24. Gee een woord vir ... *kry jammer*. (1)
25. Word die woorde *weer op die voete kom* letterlik of figuurlik uitgebeeld? Motiveer. (2)
26. Wat is die konnotasie van hierdie uitdrukking? (1)

**[4]**

**Totaal Afdeling C: 30 punte**

**GROOTTOTAAL: 70 punte**